Oordenking.
11 Augustus 2010

Lees die Bybel om dit persoonlik op jouself toe te pas. (3)

Ons is besig met ’n reeks oor hoe om die Bybelteks wat jy lees op jouself toe te pas. Ons het reeds geleer dat:
Die Bybel vir ander mense geskryf is, maar nogtans met jou praat.
En, die Bybel handel oor God, maar betrek jou ook. Jou uitdaging is om elke dag die Skrif vars en nuut in jou lewe toe te pas, want God wil deur die Woord te lees en te oordink, jou lewe herskryf.
Ons het al gehoor dat ons bereid moet wees om te luister en om te soek na die punt in die teks waar die Skrif en jou lewe bymekaarkom. Ons moet altyd vra, wat sê die gedeelte oor God en ook raaksien waarom dit vir *jou maklik is* om hierdie gedeelte vandag op jouself en jou lewe toe te pas.

Voordat ons volgende keer oor die moeilike onderwerp gesels van hoe om die Bybel gedeeltes toe te pas wat op die oog af NIKS met jou lewe in gemeen het nie, kom ons vra eers onsself vandag af hoe herken jy ’n gedeelte wat beslis op jou toegepas moet word, omdat dit maklik is om die verband daarvan met jou eie lewe raak te sien. *So ’n gedeelte sal tipies veralgemeen, waarheid saamvat en opsom en jou uitnooi of opdrag gee om dit persoonlik te aanvaar en uit te leef.*

Hier dink ons eerstens aan God se beloftes vir alle gelowiges, veral daardie beloftes wat verband hou met die Evangelie van Verlossing – oor redding, bevryding, vergifnis en versoening met God in Jesus. Maar daar is ook gedeeltes wat in die algemeen praat oor vreugde, bekommernis of oor lewensbeginsels en oor gebooie wat altyd geldig bly en vir almal, vir altyd, groot waarde het. Pas hierdie algemene beloftes van God vir alle gelowiges op jouself toe. Toets ook jou lewe aan die beginsels en verwagtinge van God vir alle gelowiges.

Let op hoe ’n groot verskeidenheid tekse in die Skrif dieselfde beloftes en dieselfde gebooie herhaal en herbevestig. En dat die hele Bybel hierdie universele beloftes en gebooie oor en oor bevestig. Nou vra jy jouself af hoedat hierdie algemene woorde, spesifiek in jou lewe, omstandighede en vrae toegepas moet word. En let daarop dat ons *as Christene* die Bybel lees – nie dieselfde as Jode of Moslems nie. Dit beteken dat ek moet vra hoedat hierdie *algemene* waarhede my *persoonlike* verhouding met Jesus Christus raak.

Die Bybel praat dikwels oor baie breë beginsels wat in ’n groot verskeidenheid ervaringe toegepas kan word – ook in die raamwerk van my ervaring, my omstandighede en my besluite toegepas moet word, maar om te weet wat die Bybel vandag vir jou wil sê, moet jy gewillig wees om selfondersoek toe te pas, biddend oor die Woord na te dink en te vra vir die leiding van die Heilige Gees oor hoedat hierdie Woord jou lewe wil herskryf om jou ’n gehoorsame kind van God te maak.